MIKRO

WERK EN SKEP

# Vraagsinne

## Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Stelsinne en vraagsinne

‘n **Stelsin** maak ‘n stelling en eindig met ‘n <u>punt</u>.




<u>Byvoorbeeld:</u> Die man ry met sy kar**.**

‘n **Vraagsin** vra ‘n vraag vir iemand en eindig met ‘n <u>vraagteken</u>.

<u>Byvoorbeeld:</u> Wie verjaar vandag**?**







ol Mikro Kopiereg ©

# Verander stelsinne na vraagsinne

LAERSKOOL MIKRO

‘n Mens kry twee tipes vraagsinne. Dit kan op die volgende twee maniere gevra word:

Verander die stelsin in ‘n vraagsin.

Die man **sny** die gras.

Begin die vraagsin met die **werkwoord**

**Sny** die man die gras?

Stel ‘n vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord is.

<u>Die man</u> **sny** die gras.

Begin die vraagsin met ‘n **vraagwoord**

**Wie** sny die gras?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verander stelsinne na vraagsinne

Lindie **skryf** in haar boek.

Verander die stelsin in 'n vraagsin

Begin die vraagsin met die **werkwoord**

**Skryf** Lindie in haar boek?

Stel 'n vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord is

Begin die vraagsin met 'n **vraagwoord**

**Waarin skryf** Lindie?



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verander stelsinne na vraagsinne

<u>Die venster</u> **het** in stukke **gebreek**.

Verander die stelsin in 'n vraagsin

↓

Begin die vraagsin met die **werkwoord**

↓

**Het** die venster in stukke **gebreek**?

Stel 'n vraag waarop die onderstreepte deel die antwoord is

↓

Begin die vraagsin met 'n **vraagwoord**

↓

**Wat het** in stukke **gebreek**?



Indien daar meer as een werkwoord in die sin is, begin die vraagsin met die eerste werkwoord.

Laerskool Mikro Kopiereg ©